higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN790**(A)**(N21)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

(6030134)

21 November 2019 (X-vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL, WAT DIE INSTRUKSIES INSLUIT, MOET 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMEN AAN KANDIDATE GEGEE WORD.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

KANDIDATE HET 30 MINUTE OM DIE INSTRUKSIES EN INLIGTING TE LEES. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Woordverwerking (100 punte)
   AFDELING B: Sigblad (100 punte)

   AFDELING A word met 'n woordverwerkingsprogram gedoen en sowat 1 uur en 30 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

   AFDELING B word met 'n sigbladprogram gedoen en sowat 1 uur en 30 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld 'n ê word nie gedruk nie, moet 'n verslag hieroor saam met die sentrum se drukstukke gestuur word.

6. Kandidate mag die ASCII-kodes en 'n speltoetser gebruik.

7. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike bladsy en slegs aan EEN KANT van die bladsy gedruk word. Plaas die DRUKSTUKKE in die EKSAMENOMSLAG.

8. Aan die einde van die eksamensessie moet ALLE DRUKSTUKKE wat 'n kandidaat wil laat nasien, in die EKSAMENOMSLAG geplaas word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel. ALLE ander DRUKSTUKKE, saam met die EKSAMENOMSLAG, moet aan die toesighouer gegee word. GEEN drukstukke mag uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjie geplaas word nie. DRUKSTUKKE wat nie vir nasien ingegee word nie moet aan die einde van elke sessie deur die toesighouer versamel en aan die einde van die dag vernietig word.

Kopiereg voorbehou

9. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling mag ingegee word. Kandidate sal gepenaliseer word as meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

10. ALLE werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk in geval van 'n kragonderbreking te voorkom. GEEN addisionele tyd MAG toegelaat word vir werk wat verloor is nie. Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om antwoorde teen uitwissing te beskerm.

11. In AFDELING A van die vraestel mag slegs Courier New 12 pt gebruik word. In AFDELING B van die vraestel mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING B moet kantruimtes van 1"/2,54 cm gebruik word tensy 'n ander instruksie gegee word.

12. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in. GEEN antwoorde sonder EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie.

13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde antwoorde te kan druk, word kandidate daaraan herinner om na elke aparte afdeling die werk te stoor voordat dit gedruk word.

14. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook 'n geheuestokkie/disket met die antwoorde (duidelik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER op die omslag gemerk) ingee. Indien 'n netwerk gebruik word, moet die IT-ondersteuning 'n rugsteunkopie van al die kandidate se werk maak onder toesig van die toesighouers. Hierdie diskette en/of rugsteunkopieë moet aan die eksamenafdeling oorhandig word vir veilige bewaring vir SES MAANDE ingeval van enige navrae.

15. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word voor minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie nie. ALLE vraestelle moet gevolglik ingegee word en kan na afloop van die eksamen aan kandidate teruggegee word.

16. In geval 'n vraestel in meer as een sessie geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerke verwyder is voordat die kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

17. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket vir 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk verkry nie. Enige poging om toegang tot ander kandidate se inligting te verkry of om inligting op enige manier na ander kandidate oor te dra is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word.

MOET NIE OMBLAAI VOORDAT JY DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER ONTVANG NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1A

Hierdie vraag is reeds gestoor op jou disket/hardeskyf. Moet die dokument NIE herinsleutel of uitdruk nie.

VRAAG 1B

1. Herwin die dokument gestoor as V1A op jou disket/hardeskyf.

2. Redigeer die kopskrif (*header*) deur die VRAAGNOMMER te verander na V1B en voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant van die kopskrif in.

3. Voeg die paragrawe in soos aangedui in die teks op die volgende bladsy.

4. Verander die linker- en regterkantruimte van die hele dokument na 2,54 cm /1".

5. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens in die teks.

6. Stoor die dokument as V1B.

7. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1B (VERVOLG)

uShaka Marine World — gesp hfls, vetdruk, sentreer

trs

Of dit die waterglybaan by die Wet 'n Park Wild is of om seelewe onderwater vanaf 'n platform te ervaar by Sea World, uShaka Marine World, is een van die grootste attraksies op Durban se Goue Myl. Besoek die wêreld se 5de grootste akwarium om dolfyne, rifvisse en haaie te sien swem in water wat dein en klots om gesinkte skeepswrakke. Vlieg teen die waterglybaan af, ontspan op uShaka Strand en kyk hoe dolfyne om rotse waggel, alles binne die bestek van 'n middag.

voluit

Jy kan jou kaartjie verander sodat jy in die strandmeer kan snorkel of besoekers met jong kinders kan die taspoel besoek om aan glibberige stervisse en seekomkommers te vat. Jy kan ook kaartjies koop om in die haaitenk te duik, die visse kos te gee of dalk 'n dolfyn of rob te ontmoet.

skrap bladsybreuk

Die park bestaan uit 5 gebiede: — onderstreep

Verander ALLE paragraafopskrifte na vetdruk en kursief

Sea World

Akwarium/ dolfynpark/ robpoel/ duiktenk/ snorkelrif ~~en baie meer~~

* Plaas elke attraksie in 'n nuwe reël
* Voeg kolpunte met twee letterspasies in
* Verander eerste letter van elke reël na 'n hoofletter

Spookskip

Kulinêre genot by die Vragruim en Bodek

Wet 'n Wild

'n Prettige varswaterwêreld van glybane en swembaddens vir die adrenalienverslaafde

Dorpslaan

Niks is lekkerder as 'n inkopietog met die seewêreld as tema nie

vetdruk

Het jy geweet: Daar is 32 verskillende tenks in die Sea World - waarvan een selfs 'n tierhaai het!

kursief, sentreer

[31]

VRAAG 2A

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V2A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Stoor die dokument as V2A.

4. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kom saam op 'n bootrit vroegoggend om te kyk hoe die haaiveiligheidstoerusting aan Durban se Goue Myl-strand nagegaan word. Geniet die uitsig op Durban terwyl jy deur die hawe vaar en die son oor die see sien opkom. Die boot lig anker van Maandag tot Vrydag om 06:30 en die vaart duur 2 uur.

ǂ

Die Haaimuseum huisves verskeie lewensgetroue haaie insluitend 'n Grootwithaai van 892 kg en ander seediere. Die museum is van Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 16:00 oop.

ǂ

Toeriste en skoliere kan 'n dinamiese oudiovisuele aanbieding bywoon, wat daarop gemik is om te vermaak en te onderrig. Die vertoning word gevolg deur 'n haaidisseksie waar die binnekant gesien kan word van een van die see se mees gevreesde predatore. Vertonings word van Dinsdag tot Donderdag om 09:00 en 14:00 aangebied.

(10)

VRAAG 2B

1. Herwin die dokument gestoor as V2A.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V2B.

3. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens wat in die teks aangedui is.

4. Stoor die dokument as V2B**.**

5. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2B (VERVOLG)

Die KwaZulu-Natalse Haairaad

bk, vetdruk, onderstreep

Kom deel in die opwinding!

kursief, regsbelyn

Die Haairaad se Maritime Sentrum van Uitnemendheid beskerm die kuslyn teen haaie terwyl hulle die invloed tot 'n minimum beperk. Hulle bied die volgende om toerisme te bevorder:

linker- en regterkantruimte vir slegs hierdie paragraaf is 3,81 cm/1,5"°

1. Bootvaart

bk, kursief, onderstreep

trs

Kom saam op 'n bootrit vroegoggend om te kyk hoe die haaiveiligheidstoerusting aan Durban se Goue Myl-strand nagegaan word. Geniet die uitsig op Durban terwyl jy deur die hawe vaar en die son oor die see sien opkom. Die boot lig anker van Maandag tot Vrydag om 06:30 en die vaart duur 2 uur.

NP

2. Haaimuseum

bk, kursief, onderstreep

stet

Die Haaimuseum huisves verskeie lewensgetroue ~~replikas~~ modelle van haaie insluitend 'n Grootwithaai van 892 kg en ander seediere. Die museum is van Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 16:00 oop.

3. Oudio-visuele aanbieding en haaidisseksies

bk, kursief, onderstreep

Toeriste en skoliere kan 'n dinamiese oudiovisuele aanbieding bywoon, wat daarop gemik is om te vermaak en te onderrig. Die vertoning word gevolg deur 'n haaidisseksie waar die binnekant gesien kan word van een van die see se mees gevreesde predatore. Vertonings word van Dinsdag tot Donderdag om 09:00 en 14:00 aangebied.

LET WEL:

- **Voeg paragraafnommers in vir opskrifte met TWEE letterspasies en keep inhoud in.**
- **Justeer inhoud.**

(29)
[39]

VRAAG 3

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linkbelyn en V3 in hoofletters regsbelyn in as 'n kopskrif (*header*).

3. Stoor die dokument as V3.

4. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.



VRAAG 3 (VERVOLG)

Pryse: bk, onderstreep

kursief

	Wet 'n Wild	Sea World	Kombo
Gewone prys	R138	R138	R168
Groepe: 50–99	R110	R110	R134
Groepe: 100/meer	R82	R82	R100

~~maande~~

stet

Besprekings moet minstens 3 ~~weke~~ vooruit gedoen word en is onderworpe aan beskikbaarheid.

Groete

J. Moodley
Bemarkingsbestuurder

bk, vetdruk

[30]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B: SIGBLAD

Verander die verstekfont na Courier New 12 pt.

VRAAG 4A

1. Sleutel die sigblad in soos hier onder aangedui.
2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linkbelyn en V4A in hoofletters regsbelyn in as 'n kopskrif.
3. Pas kolomwydtes aan waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.
4. Stoor die sigblad as V4A**.**
5. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

attraksie	feb	maart	mei
oop ry			
Akwarium	3030	3450	2680
Dolfynpark	2100	2500	1920
Robpoel	1800	1940	1780
Duiktenk	980	1050	630
Snorkelrif	1250	1380	770

(8)

VRAAG 4B

1. Herwin die sigblad gestoor as V4A.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V4B.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Voorsien formules vir elk van die volgende:

   A Totale aantal besoekers vir elke attraksie

   B Totale aantal besoekers vir elke maand

5. Voeg horisontale lyne in soos aangedui met die metode waarmee jy bekend is.

6. Pas kolomwydtes aan waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-landskap-bladsy pas. Moet NIE die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

7. Stoor die sigblad as V4B.

8. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4B (VERVOLG)



(23)
[31]

VRAAG 5A

1. Sleutel die sigblad in soos hier onder aangedui.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V5A in hoofletters regsbelyn in as 'n kopskrif.

3. Pas kolomwydtes aan waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

4. Stoor die sigblad as V5A.

5. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Naam:
Datum:
Verwysingsnr.:

oop ry

attraksie	ouderdomsgroep	tarief	getal kaartjies bespreek

oop ry

Wet 'n Wild	Volwassenes	178	
	Kinders	138	
	Senior burgers	148	
Sea World	Volwassenes	186	
	Kinders	138	
	Senior burgers	148	
Beste waarde (Kombo)	Volwassenes	209	
	Kinders	168	
	Senior burgers	178	

(9)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B

1. Herwin die sigblad gestoor as V5A.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V5B.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Voorsien formules vir elk van die volgende:

   A Getal kaartjies bespreek * Tarief

   B Som van bedrag verskuldig

5. Voeg horisontale lyne in soos aangedui met die metode waarmee jy bekend is.

6. Pas kolomwydtes aan waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

7. Stoor die sigblad as V5B.

8. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B (VERVOLG)



(26)
[35]

VRAAG 6A

1. Sleutel die sigblad in soos aangedui op die volgende bladsy.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V6A in hoofletters regsbelyn in as 'n kopskrif.

3. Voorsien formules vir elk van die volgende:

   A Som van koste van herstel van haaitenk

   B Som van koste van diens van filters

   C Subtotaal van koste * 15%

   D Subtotaal + BTW

   E Som van Totale

   F Totale rekening vir Oktober - Betaling

4. Voeg horisontale lyne in soos aangedui met die metode waarmee jy bekend is.

5. Pas kolomwydtes aan waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-landskap-bladsy pas. Moet NIE die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

6. Stoor die sigblad as V6A.

7. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6A (VERVOLG)

Aqua Herstelwerk & Dienste — bk, vetdruk, onderstreep

oop ry

kolom C FAKTUUR — vetdruk, kursief

oop ry

AAN: — kursief — uShaka Marine World REK. NR.: UMW001

oop ry

FAKTUURDATUM: — kursief — 2019/11/05

oop ry

Datum	Beskrywing	bedrag	Subtotaal	BTW @ 15%	Totaal
					bk, vetdruk
2019/10/16	Herstel van haaitenk:		A	C	D
	Onderdele	2314,00			
	Arbeid	850,00			
	Waarborg	350,00			
2019/10/22	Diens van filters:		B	C	D
	Onderdele	1955,00			
	Arbeid	1700,00			

regsbelyn

oop ry

2019/10/31 Betaling ontvang 5500,00

oop ry

TOTALE REKENING VIR OKTOBER — E

BALANS(betaalbaar teen 2019/11/30) — F

vetdruk, kursief

(29)

VRAAG 6B

1. Herwin die dokument gestoor as V6A.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V6B.

3. Vertoon die formules.

4. Pas kolomwydtes aan waar nodig om AL die formules te vertoon. Maak seker die sigblad pas op EEN A4-landskapbladsy. Moet NIE die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

5. Stoor die sigblad as V6B**.**

6. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

(5)
[34]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou